



Tweede uitgawe -
2010

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

• Pretoria Bonsai Kai bestuur:

- Voorsitter – Org Exley
082 809 2037
- Onder voorsitter – Brandon
Roode 083 399 1997
- Tesourier - Daan du Toit
012 567 2520
- Sekretaresse – Mariaan Erwee
083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Ver-
maak 083 388 4736
- Addisionele lede :
Otto Koekemoer
Ben Kruger
Martin Kruger

Enige idees, artikels of terug-
voering rakende die nuusbrief
kan gegee word aan Jaco Kriek
by:
jaco.kriek@af.aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die voorsitter	1
Blood, sweat and TREES.	2
Lede profiel	4
Vergadering van 6 Maart	5
Snippets	7
Vergadering van 10 April	8
Tip of the month	9

Van ons nuut verkose Voorsitter - Org Exley.

Beste Bonsai Vriende,

Ek wil net hiermee dankie sê vir die vertroue wat julle in my gestel het om as voorsitter van die kai te dien. Ek sal my bes probeer om julle nie teleur te stel nie.

Ek wil ook hiermee dankie sê vir die res van die komitee wat ingestem het om weer vir nog 'n termyn te dien. Ook vir Brandon wat nuut is, welkom aan boord. Ek sien daarna uit om saam met julle te werk om die kai vorentoe te vat die komende jaar.

Aan die anderkant kan ons niks doen sonder die insette van die lede nie.

Ek wil hiermee almal in die kai wat idees het oor wat ons kan doen uit te nooi om dit deur te gee aan die komitee sodat ons daarna kan kyk.

Ek wil ook weer van die geleentheid gebruik maak om 'n beroep te doen op lede om meer betrokke te raak by die kai. Ons het al die hande en idees nodig om die kai sterk te hou. Die kai moet nie en kan nie afhanklik wees van net 'n paar lede wat alles moet doen nie.

Ek sal ook graag wil hê dat ons weer bome kai toe bring met die vergaderings sodat ons weer met elke vergadering 'n uitstalling van bome kan hê. Ons is tog 'n bonsai kai. Dit gee

ook aan nuwe lede iets om na te kyk en om idees te kry wat om te doen as hulle aan bome werk.

Aan Jaco wil ek ook dankie sê vir die uitstekende werk wat hy met die koerantjie doen. Dit is iets besonder. Ek wil ook vir lede vra om bydras te lewer tot die koerantjie. Dit sal Jaco se werk soveel ligter maak.

En dan laaste maar nie die minste nie, vir Pieter wat die kai die laaste paar jaar gelei het, baie dankie vir dit wat jy gedoen het, ons waardeer dit. Mag jy lekker rus tot die volgende rondte.

Org.



Hierdie was een van die bome wat by die konvensie uitstalling was.

Bonsai is a craft. An ongoing experience of patience, learning, labour and love.

William Wilson

Blood, sweat and TREES ! Peter Visagie Memorial Dig. By Jenny Moote

Once a year the Rustenburg Bonsai Kai hosts a dig where one can gather beautiful and interesting material for Yamadori bonsai (which roughly translates from Japanese as the collection of plants from the mountains). The area is rich in Buddleia, Olive and other trees as well as aloes, ferns, succulents and a variety of spiders, insects, reptiles and birds. While the scenery and nature are interesting, when watching the masters at work one begins to realise that digging trees isn't as easy as it may seem.....

For the actual digging you will need to take some tools with, (remember that you will be "hiking" up and down the mountain) a small bow saw, a pick, pruning shears and a spade is sufficient. You will also need large plastic bags to keep your trees in while you look for more material as well as water to keep the roots wet so as not to stress the tree.



You begin by looking for a tree which has flowing movement in the first 30 to 60 centimetres of trunk. A straight trunk is often considered boring. The very next thing to look for is taper, this adds to the natural beauty of the tree. Once you have found your material, you are ready to remove it from

the ground. Your first step would be to remove all unnecessary foliage, on and around your tree, any foliage on another tree that is in your way needs to be removed too. Step number two would be to start removing the tree, at approximately 20 centimetres from the base you can begin to clear all soil and leaves.



If the soil is hard or there are any rocks in the way, use the pick to remove these obstructions. The most important roots are the fine roots, lots of leaves around the base of the tree will indicate that the fine root system is higher up (Usually within the fertile, decomposing leaves) which means that you don't have to dig to deep. Once you've dug between 10 and 20 centimetres down you can begin working below the tree, clearing soil and rocks and cutting off large roots.



Once the tree has been removed from the hole, all downward facing roots must be removed. Large roots pointing sideways must be removed too.

Continue on page 3.....



Blood, Sweat and TREES.....from page 2



This can be done at the dig site if you have determined which side will be the front of your tree otherwise you can cut them all down to a reasonable length and then do the actual cutting at home. When cutting the roots, the root at the back of the tree would be the longest and the root in the front of the tree will be longer than the back root but shorter than the side roots. Because you need to transport the tree to your car, remove any unnecessary weight, like rocks in the roots. The tree is then carried to your car where you place it in a plastic bag and give the roots some water, place the tree in the shade to reduce stress. Also remember to remove all greenery from your tree to help reduce stress on the roots. Once you have done this return to your dig site, fill up the hole with rocks, roots and soil and place the branches you removed over it. This ensures that erosion will be reduced and that the area can be rehabilitated. Remember to take all your tools with when you leave your site and clean up.

When you arrive home the trees need to be placed in containers of water with either pieces of Willow branches and leaves, Disprins or "Organicure" (which is available from Duncan Wiles), these promote new root growth. When planting the trees make sure there are no air pockets between the roots. Place the trees in a shady, protected spot and ensure that they do not receive afternoon sun. Leave the plants for a year or until

they are growing well, before re-potting them. ♣



Lede Profiel - Org Exley.

Lede wat die kai vergaderings bywoon sal weet dat Org een van die lede is wat baie gereeld demonstrasies en praatjies lewer wat baie leersaam is. Org is by die laaste algemene vergadering as voorsitter van die kai verkies. Hy het ook 'n hele klomp jare gedien as ondervoorsitter. Hy is ook huidiglik ondervoorsitter van BRAT.

Org is in Zambië gebore. Hy is al 27 jaar lank met Annette getroud. Hulle het twee seuns uit die huwelik. Die oudste is in die IT besigheid en die tweede werk as elektrisien. Org self werk as produksie bestuurder vir 'n industriële firma wat radio isotope vervaardig.

Org sê dat hy van kleins af baie lief was vir plante. Hy het as kind al sy eie rotstuijn gemaak en het selfs plante van steggies gegroei. In 1988 het hy die Pretoria bonsai kai skou by die Transvaal museum gesien en net daar besluit dat hy bonsai wil doen. Hy het toe by die kai aangesluit en het in 1989 die beginnerskurses gedoen vanwaar hy net gegroei het in die kuns.

Org se eerste boom was 'n Juniper wat hy by die beginnerskurses mee moes werk. Die boom het ongelukkig laasjaar gevrek nadat sy mikrobeproeing verstop geraak het. Org sê die rustigheid wat hy ervaar wanner hy met sy bome werk of net tussen hulle is gee hom satisfaksie en inspirasie. Na 'n dag se werk spandeer hy tyd met sy bome en hy vergeet van als om hom. Somtyds moet sy vrou hom inroep wanneer dit reeds donker is.

Org sê dat hy ongeveer so 70 bome het wat hy dink skou gehalte is. Hy het nog so ±200 ander bome en plante waaraan hy tans werk en styl. Org het ±27 spesies bome in sy versameling. Hy het nie gunsteling bome of gunsteling style nie en geniet al sy bome eweveel. Hy werk ook met alle soorte bome en met alle style en hy laat die boom hom lei hoe om 'n spesifieke boom te styl.

As wenk sê Org dat sy ervaring is dat die beste materiaal wat die beste bonsai gee 'n boom is wat uit die natuur verkry is. Wanneer hy 'n boom in die natuur grawe plant hy hom eers in sy tuin of in baie groot houers en haal hom dan later uit as hy sterk



groei.

Org se ander belangstelling is om tropiese visse te teël. Hy hou veral van die Malawi cichlids, (dit is 'n soort vis, ek het ook nie geweet nie). Org het op 'n stadium oor die honderd vistenks gehad. Hy het egter die laaste tyd die tenks verminder en konsentreer nou meer op sy bonsai.

Org word deesdae baie genooi om by ander bonsai klubs demonstrasies te lewer en hy geniet dit baie. Hy het al oral oor die land opgetree en was onlangs in Natal asook in Bloemfontein. Dit is vir hom 'n bewys dat hy al gevorder het in die kuns van bonsai. Aan die begin jare was John Lynch 'n groot inspirasie en leermeester by wie Org baie kennis opgedoen het. Hy lees ook baie oor bonsai.

Org sê dat hy nie eintlik meer bome verloor nie. So nou en dan maak 'n boom wat hy in die veld uithaal dit nie. Hy eksperimenteer nog steeds met nuwe tegnieke ens.

Org voel dat hy bereik het in die bonsai kuns wat hy graag wou. Hy weet dat hy steeds kan verbeter maar die feit dat hy al baie mooi bome het wat erkenning kry by ander lede gee hom satisfaksie.

Vir die kai sou Org graag wou sien dat die senior en ervare lede meer betrokke sal wees by uitstallings en van hulle goeie bome uitstal. Org is werklik 'n gewaardeerde lid by die kai. ♣

Vergadering van 6 Maart.

Die werk aan bome voor die ampelike vergadering was weereens lekker en leersaam om waar te neem. Erika het byvoorbeeld aan 'n redelike groot Akasia gewerk wat baie potensiaal het om 'n baie mooi bonsai te word. Sy het ook sommer vir hom 'n bak gekoop by Duncan. Dit sal interessant wees om die boom se vordering te sien.



Die vergadering was ook die algemene jaarvergadering van die kai. Oom Theuns is spesiaal gelukgewens met sy 83 ste verjaarsdag op die dag. Pieter het weer vertel dat oom Theuns in die net meer as veertig jaar as lid van die kai nie een enkele vergadering gemis het nie.



Daan du Toit het toe die finansiële verslag gelewer en getoon dat ons kai finansiëel sterk is maar dat ons vir die afgelope jaar gelyk gebreek het met inkomstes en uitgawes. Daar is 'n kort debat gevoer oor die verhoging van lede geld en die besluit sal in die maandelikse nuusbrieff bekendgemaak word. Pieter het toe die voorsitter verslag gelewer en kortliks vertel wat die kai die afgelope jaar gedoen het.

Die nuwe bestuur is daarna verkies en Org Exley is as voorsitter verkies met Brandon Roode as ondervoorsitter. Die ander dienende lede was bereid om herverkies te word. Ons groot dank aan al hierdie lede wat die kai bestuur uit lojaliteit en sonder enige vergoeding. Julle is sterre! Otto Koekemoer het toe sy "Tip of the month" gegee wat julle kan lees op bl 9.

Die tema van die vergadering was die Akasia boom. Pieter du Plessis het die tema hanteer. Hy het ons eerstens ingelig rakende die omstrede besluit om die naam van ons inheemse Akasia bome te verander, en dat die Australiese Wattle in die toekoms Akasia genoem gaan word. Meeste mense is baie onsteld hieroor.

Pieter sê dat die finale besluit egter by 'n Internasionale konvensie wat later in die jaar gaan plaasvind geneem sal word.



Pieter het toe dmv 'n baie goed voorbereide "Powerpoint" presentasie ons een en ander oor die Akasia boom vertel en gewys.

Die kommersieële waarde van die Akasia boom is onder andere: die maak van houtskool (charcoal), voer vir vee en wild, die ontginning van gom uit die boom, die maak van 'fertilizer', die bas en hout word ook gebruik in die vervaardigings en kleur proses van die maak van leer. Die Akasia boom het ook die eienskap dat hy

"nitrogen" in die grond vrystel. Dit maak dus die grond in die onmiddelijke omgewing van 'n Akasia boom vrugbaar.



Vervolg op bl 6.....

Vergadering van 6 Maartvervolg.



Pieter het gewys hoedat hy die harde dop van 'n Akasia saad met skuur papier skuur sodat water kan binnedring. Sodra water die saad binnedring is dit moontlik vir die saad om te ontkiem. Pieter sê dat hy die saad dan plant en dat die saad na agt dae groei.

Akasia is "taproot" dominant. Pieter sê dat hy dan die plantjie na 'n verdere tien dae uithaal en die penwortel afsny. Hy plant dan die plantjie op 'n teel sodat die wortels horisontaal groei.

Pieter sê dat hy sy Akasia bome net oorplant wanner hulle "potbound" is. Hy plant ook in die lente oor en wel net voor die blaar knoppies oopmaak. Jy moet baie fyn dophou want dit gebeur somer binne 'n dag of twee. Pieter het ook aan ons gewys hoedat hy die takkies snoei. Hy besluit waar hy wil hê 'n takkie moet groei en dan snoei hy agter die node van die posisie maar hy los altyd 'n stukkie takkie. Eintlik snoei hy net voor die node wat hy nie wil hou nie. Die takkie wat gelos word forseer die nuwe takkie in die rigting wat hy wil hê.

Pieter voel dat die mees geskikte style vir die Akasia die "Flat top", Pierneef, Informeel/ bosveld asook die skuinstam is. Pieter het 'n paar



van sy baie mooi Akasia bome wat hy van saad gegroei het en wat al meer as twintig jaar oud is aan ons gewys. Dit was 'n inspirasie om te sien.



Pieter meen dat die die mees geskikte spesies die volgende is: A galpinii (Apiesdoring), A burkei (Swart apiesdoring), A erubescens (Blouhaak), A nigrescens (Knoppiesdoring), A mellifera (Swarthaak) en A nilotica (Lekkerruikpeul).



Spesies waarmee Pieter persoonlik nog nie sukses mee kon behaal nie is: A sieberiana var woodii (Papierbas doring), A karroo (Soetdoring), A robusta (Enkeldoring), A erioloba (Kameeldoring) en A caffra (Gewone haakdoring).

Pieter het toe aan 'n Apiesdoring gewerk en hom in 'n basiese styl gestyl.



More Art. By Lola Curtis.

I believe the term 'art' tends to spook most 'non-artists'. Art is often associated with the eccentric or the wealthy. Actually, if you think about it, we all start out as artists. Have you ever met a child that was totally uninterested in coloring, painting, working with play-doh, etc? I haven't. Unfortunately, most of us give up art and finger painting at about the same time. We cease to make it an everyday part of our lives and it becomes unfamiliar.

As we become less cozy with art we tend to venerate the 'artist' and deny our own innate artistic sense.

As we are reminded, bonsai IS an art. So how can we rekindle OURSELVES as artists? One way is by spending time with art, becoming familiar with it again.

All the visual arts (including bonsai) use proportions, balance, unity and harmony. The more you see these in any art, the more you will recognize them in the other arts. Can this help you design bonsai? You better believe it.

I believe that looking at sketches, paintings and sculpture, in addition to other people's bonsai will help the artistic YOU!

I was attempting to design my first pine, doing a namby-pamby job, and was told to 'draw what I saw in the tree'. I did. It clarified my thinking and gave me a goal. I had used one visual art to fine tune another. ♣

It is important to be able to use wire and tools, but sometimes the most valuable work on a tree involves a comfortable chair, lots of cups of coffee and time spent just looking.



Motivering.



Die foto links is in 1999 geneem van 'n "Swamp Cypress". Die boom behoort aan Rob Kempinski. Dieselfde boom is in die regterkantse foto afgeneem in 2005 nadat Rob die boom gestyl en versorg het. Dit wys wat geduld en toekomsvisie.




Vergadering van 10 April.



Boom 1 voor werk.

Die vergadering is gehou in die tuin van Org Exley.


Daar is nie soos gewoonlik deur lede aan hul bome gewerk nie maar almal het dit geniet om in Org se pragtige tuin en tussen sy pragtige bome te beweeg. Nadat die formaliteite afgehandel is het Org aan drie Olienhout bome gewerk. Org het die bome so twee jaar gelede by Koega buite PE gegrawe. Hy het vertel dat hy saam met nog vier mense sowat 70 bome gegrawe het. Hulle het Vrydag vanaf Pretoria gery en weer Sondag terug gery. Die bome het baie mooi uigeloop sedert hulle uitgegrawe is en Org het besluit om hierdie drie te gebruik in sy demonstrasie.



Die twee dele van boom 1 nadat die boom verdeel is.



Ek glo die lede het die demonstrasie geniet en dit sal interessant wees om die bome se ontwikkeling in die toekoms te kan sien. ♣



Org het besluit om die eerste boom in twee te verdeel aangesien die boom met die twee dominante stamme nie geskik was vir 'n enkel boom nie. Org het al die blare en klein takkies afgesny sodat hulle nie

te veel krag van die boom vat nie en weer van voor af kan uitloop. Org voeg beenmeel by sy grondmengsel en sprinkel ook 'rooting hormone' op die wortels voordat hy die bome plant.

Org het met die tweede boom slegs gewys wat hy in die toekoms beplan en nie eintlik aan die boom gewerk nie. Die derde boom het baie bespreking uitgelok en daar was uiteenlopende idees van wat moontlik was met die boom. Op die end het Org besluit om 'n dubbelstam Literati te maak.



Boom 3 voor en na werk.



“Tip of the month” — Maart. Deur Otto Koekemoer.

‘Geen grond in jou grond-mengsel.’

Die versoeking bestaan om die medium waarin ons ons bome plant aan te vul met grond wat van verskeie bronne beskikbaar is, die maklikste is seker jou tuin. Alhoewel daar baie gesê kan word oor hoe om grondmengsels op te maak is een van die belangrikste wenke wat ek kan aanbied, om te sorg dat die anorganiese komponent van jou plant-medium alles van een grootte moet wees. Dit kan maklik gedoen word deur die materiaal wat jy gebruik (gewoonlik gruis) deur ’n stel siwwe te sit. Kies dan uniforme deeltjies wat nie kleiner as 2 mm is nie. Gewone grond soos dit in ons tuine voorkom bestaan uit ’n mengsel van deeltjies van verskillende groottes. So ’n medium sal mettertyd skei in grower materiaal aan die bokant van die pot met fyner stof of klei wat as ’n amper ondeurdringbare laag op die bodem uitsak. Behalwe dat dit wortelgroei strem en benatting vergemoeilik, het klei ook ’n ander ongewenste effek: Klei is, as jy dit eers nat gekry het, baie effektief om ’n groot hoeveelheid

water te absorbeer en moeilik vry te stel.

Dit is ’n eienskap van die deeltjies wat so baie (mikroskopies) klein is. As die medium nie goed dreiner nie kan die wortels nie effektief ‘asemhaal’ nie en daar word waargeneem dat dit begin vrot. Dit is nie altyd soseer as gevolg van die water nie, maar as gevolg van ’n tekort aan gaswisseling wat noodsaaklik vir die wortels van meeste bome is. ’n Verdere probleem met klei is dat dit uitsit en krimp soos wat dit vog opneem en verloor.

Dit word gesien as die krake wat in kleigrond voorkom wanneer dit uitdroog. Fyner wortels, wat veral in bonsai noodsaaklik is, word beskadig deur hierdie beweging in die medium waarin dit vasgevang word soos wat uitdroging plaasvind. Hierteenoor sal ’n gruis-medium waarby genoeg organiese materiaal gevoeg is, juis fyn wortelgroei, genoeg water en lug verseker vir ’n gesonde boom.

In ons Mei vergadering sal die samestelling van grond mengsels in detail bespreek word.

Opmerking: Die ‘klei’ waarna verwys word as bv. Japanese Akadama, Kanuma ens. het wel as klei begin maar is so deur hitte verhard dat dit nou as baie groter partikels permanent saamgevoeg bly. Dit kan steeds water absorbeer in fyn porieë wat regdeur die deeltjies loop soos deur ’n spons, maar dit is so hard dat dit nie weer sal afbreek tot ware klei as dit met water in aanraking kom nie. Dit is terloops hoekom dit soms gebruik word om akwariumplante in te plant.

♣

